KRUISKERK.co.za
Gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Psalm 85
**Tema :** Tweede kanse en ons lotsbestemming ?

BROODJIES VIR DIE PAD

"Anyone can achieve their fullest potential, who we are might be predetermined, but the path we follow is always of our own choosing. We should never allow our fears or the expectations of others to set the frontiers of our destiny. Your destiny can't be changed but, it can be challenged. Every man is born as many men and dies as a single one."
— Martin Heidegger

"If you want to identify me, ask me not where I live, or what I like to eat, or how I comb my hair, but ask me what I am living for, in detail, ask me what I think is keeping me from living fully for the thing I want to live for."
— Thomas Merton

"Love is our true destiny. We do not find the meaning of life by ourselves alone - we find it with another."
— Thomas Merton, Love and Living

"It is the part of a wise man, I say, to refresh and restore himself in moderation with pleasant food and drink, with scents, with the beauty of green plants, with decoration, music, sports, the theatre, and other things of this kind, which anyone can use without injury to another."
— Baruch Spinoza, Ethics

"Do you ever wonder why things have to turn out the way they do?"
— Nicholas Sparks, A Walk to Remember

"Christianity's goal is not escape from this world. It loves this world and seeks to change it for the better."
— Marcus J. Borg, Speaking Christian: Why Christian Words Have Lost Their Meaning and Power—And How They Can Be Restored

"Forgiving is not forgetting; its actually remembering--remembering and not using your right to hit back. Its a second chance for a new beginning. And the remembering part is particularly important. Especially if you dont want to repeat what happened."
— Desmond Tutu

"Does the walker choose the path, or the path the walker?"
— Garth Nix, Sabriel

"A very important but difficult piece of renewing relationships is accepting responsibility for our part in any conflict. If we have a relationship in need of repair, we must remember that the wrong is not usually all on one side, and we are more easily able to restore relations when we look at our contribution to a conflict."
— Desmond Tutu, The Book of Forgiving: The Fourfold Path for Healing Ourselves and Our World

"At bottom every man knows well enough that he is a unique being, only once on this earth; and by no extraordinary chance will such a marvelously picturesque piece of diversity in unity as he is, ever be put together a second time."
— Friedrich Nietzsche

"The planet does not need more successful people. The planet desperately needs more peacemakers, healers, restorers, storytellers and lovers of all kinds."
— Dalai lama

"There are winds of destiny that blow when we least expect them. Sometimes they gust with the fury of a hurricane, sometimes they barely fan one's cheek. But the winds cannot be denied, bringing as they often do a future that is impossible to ignore."
— Nicholas Sparks, Message in a Bottle

"I have always believed, and I still believe, that whatever good or bad fortune may come our way we can always give it meaning and transform it into something of value."
— Hermann Hesse, Siddhartha

"This is the best reason to learn history: not in order to predict the future, but to free yourself of the past and imagine alternative destinies. Of course this is not total freedom – we cannot avoid being shaped by the past. But some freedom is better than none."
— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A Brief History of Tomorro

**Geestelike waardes: Hoe gemaak met ervarings wat oorweldigend is?**

Die Nederlandse teoloog Frits de Lange begin sy boek Overweldigend: Leven met wat je niet in de hand hebt (2023) met ’n vertelling oor hoe hy destyds as student die eerste keer ’n langspeelplaat met klassieke musiek op die draaitafel geplaas en op die mat gaan lê het om daarna te luister. Die dramatiese opening van Brahms se Eerste Simfonie het hom oorrompel en hy kon nie anders as om homself aan die see van klank oor te gee nie. Hy het homself deel gevoel van iets oneindig groots en magtig.

De Lange vra dan verder wat ons in die lig van sulke ervarings van die lewe kan leer – ervarings wat ook kan ontspring met die kyk na ’n kunswerk of ’n natuurtoneel, die lees van ’n gedig of die geboorte van ’n kind.

Oorweldigende belewenisse is egter nie net tot die sonkant van die lewe beperk nie. Soms word ons oorweldig deur die dood van ’n geliefde, ’n lewensbedreigende diagnose of ’n gevoel van fisieke of psigiese bedreiging.

In oorweldigende oomblikke – oomblikke van verskrikking en trauma, asook van verrukking en ekstase – kan ons aanvoel dat ons nie ’n greep op die lewe het nie, dat die lewe onvoorspelbaar is, dat die wêreld nie so stabiel en ordelik is as wat ons dit dalk sou wou hê nie. Daarom De Lange se vraag hoe ons met die oorweldigende aard van die lewe kan omgaan sonder dat dit ons mislei of verpletter.

De Lange verwys voorts na twee beperkende reaksies op die ervaring dat ons nie die lewe in die hand het nie.

Die eerste is ’n soort fatalisme waarin ons onsself aan die noodlot oorgee; ’n slaafse berusting wat maak dat ons eintlik niks meer van die lewe verwag nie.
Die tweede is ’n soort beheerdrang waarvolgens ons onsself volledig probeer buffer teen dit wat ons weerloos kan laat. Enige gevoel van ’n verlies van beheer ontaard dan maklik in magsvertoon en selfs geweld.

Daarteenoor glo De Lange dat ervarings van weerlose oorrompeling die geleentheid kan bied vir ’n ryker sintuiglike verhouding met die wêreld om ons – meer beskeie dalk, maar tog wel met groter aandag, verbondenheid en intensiteit.

Hy gebruik dan ook as motto vir Overweldigend ’n aanhaling van Joseph Campbell: “Mense sê dat ons almal op soek is na die sin van die lewe . . . Ek dink dat ons eerder op soek is na die ervaring dat ons eg lewe sodat wat ons met ons lyf ervaar resoneer met wie ons ten diepste is. Dán ervaar ons in vervoering dat ons léwe.” – RRV

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Christina Landman: Laat vroue dié maand bietjie oopmond lag Netwerk24**

Nou die dag sit ek in ’n kongres. Vader Michael Lapsley is aan die woord. Hy praat van ’n “Bicycle Theology” – ’n fietsteologie. Dis nou wanneer jy iemand se fiets steel. En later erken jy dat jy dit gedoen het. En jy vra hewig om verskoning. Maar jy gee nie die fiets terug nie. En dan ontwerp jy ’n teologie om dit te regverdig. Dis fietsteologie.

Die naweek daarna sit ek by ’n begrafnis. ’n Vrou is oorlede en huldeblyke word gelewer. Iemand sê sy was ’n goeie vrou. Stil en op haar plek. En sy het nooit met haar mond oop gelag nie. Die hele pad huis toe sit ek en wonder. Hoe lag ’n mens sonder om jou mond oop te maak?

Wie het hierdie vrou se lag by haar gesteel?
Was dit haar man of haar maat met ’n seer hou of woord? Was dit haar kinders? Was dit die glasplafon by die werk? Was dit dalk die kerk wat nie wou luister nie?

Wie dit ook al was, is dit genoeg om net vir haar om verskoning te vra? Of moet die persoon haar lag teruggee, soos die fiets? Al is sy nou al dood sonder ’n lag.

En al die ander vroue wie se lag gesteel is? Is ’n verskoning genoeg? Waar is die fiets wat terug¬gegee moet word?

Dis weer Vrouemaand, en ’n mens hoor hoe sug die mense. Is die vroue nie nou al vry genoeg om vir hulself verantwoordelikheid te neem nie, vra hulle. Hoeveel skuld gaan nou nog uitgedeel word? Vroue is in beheer van hul eie lewe geplaas. As hulle nie gelukkig is nie, het hulle net hulself om te blameer. So hoor ek die mense sê. Hoeveel moet ons nog om verskoning vra, vra die manne. Maar ek hou net aan dink aan die fiets wat teruggegee moet word.

Ek vra toe maar ’n paar vroue hoe die kerk hul lag kan teruggee.

Een vrou sê sy is ’n ma met ’n gebroke hart. Haar kind met sy dwelms het haar hart gebreek. Toe sê die

dominee vir haar die Here gee nie net vir ’n mens volmaakte kinders om groot te maak nie. Dit het haar haar lag teruggegee. Want die kerk het nie vir haar die skuld vir die kind se dwelms gegee nie.

’n Ander vrou sê hulle het pavement counselling in hul gemeente. Sypaadjie-gesondmaak. Ek het die term vir die eerste keer gehoor by prof. Danie Louw van Stellenbosch. Nou hoor ’n mens dit oral. Dis om vriendelik te wees met almal wat jy op die sypaadjie raakloop. Want dit maak heel. Dit gee mense se lag terug. Hul gemeente het so ’n projek. Om mense se lag terug te gee. Hierdie maand fokus hulle op vroue.
Nog ’n vrou sê dat dit nie mans is wat vroue se lag steel nie. Vroue steel mekaar se lag. Maar, sê sy, sy voel tog veilig in die vrouebond by die kerk. Daar werk vroue nogal saam en dit gaan nie om wie die mooiste is nie. En jy hoef jou nie te bekommer oor of jou man dalk van ’n ander vrou se lag hou nie.

Nonsens, sê ’n ander vrou. Vroue moet nie vir die kerk wag om vir hulle klein aalmoesies te gee sodat hulle ’n bietjie kan lag nie. ’n Vrou moet kan lag uit haar maag uit, soveel sy wil, tot haar oë traan. En omdat sy wil. En omdat sy genoeg rede het.
As ek met ’n toe mond lag, sê Frieda, kan ek nie asem kry nie. I cannot breathe, sê antie Frieda oor die talle vroue wie se lag en asem nog by hulle gesteel bly.

• Landman is ’n professor in teologie verbonde aan Unisa.

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*